# 9 OKTOBER
# SINT JOHN HENRY NEWMAN
Fees

**Intreevers:** Ps 104 (103):1.23

Loof die Here, o my hart:
Here, my God, U is inderdaad groot.
Dan gaan die mens na sy werk toe,
na sy arbeid tot die skemer toesak.

## OPENINGSGEBED

O God, wat u priester, die heilige John Henry Newman,
die genade gegee het om u vriendelike lig te volg
en vrede in u Kerk te vind;
laat ons in u goedheid, deur sy voorspraak en voorbeeld,
uit die skadu's en afbeeldings gelei word
na die volheid van u waarheid.
Deur onse Here Jesus Christus
wat in eenheid met U en die Heilige Gees,
leef en heers, God, tot in alle ewigheid.

## GEBED OOR DIE GAWES

Aanvaar, o hemelse Vader, hierdie heilige offer
wat ons U aanbied tot nagedagtenis van Sint John Henry Newman,
tot lof van U en tot u glorie en vir ons verlossing.
Deur Christus, onse Here.

# PREFASIE VAN DIE HEILIGE HERDERS

**Die aanwesigheid van heilige Herders in die Kerk**

Hierdie Prefasie word gebruik by Heilige Misse vir Hoogfeeste en Feeste van die Heilige Herders.
Dit mag ook by hulle Herdenkings gebruik word.

**Pr.** Mag die Here met u wees.
**R.** En met u gees.
**Pr.** Verhef u harte.
**R.** Ons verhef hulle tot die Here.
**Pr.** Laat ons die Here ons God dank.
**R.** Dit is paslik en reg.
Dit is waarlik paslik en reg, ons plig en heilsaam,
om U, altyd en oral te dank,
Here, heilige Vader, almagtige en ewige God,
deur Christus onse Here.
Want, soos U op die fees van Sint **N.** u Kerk tot vreugde oproep,
net so, versterk U haar deur die voorbeeld van sy heilige lewe,
onderrig U haar deur sy prediking,
en bewaar U haar veilig in antwoord op sy gebede.
En daarom, in die geselskap van die Engele en Heiliges,
sing ons u loflied, soos ons onophoudelik uitroep:
Heilig, heilig, heilige Here, God van die leërskare.
Die hemel en aarde is vol van u glorie.
Hosanna in die hoogste.
Geseënd is Hy wat kom in die naam van die Here.
Hosanna in die hoogste.

**Kommunievers:** Cf. Joh 6:50

Ek is die brood wat uit die hemel neerdaal,
sodat iemand daarvan kan eet en nie sterf nie.

## GEBED NÁ KOMMUNIE

O Here,
met blydskap ontvang ons Christus, die lewende Brood,
op hierdie feesdag van Sint John Henry Newman,
mag ons getuienis daardeur al hoe meer eg word,
sodat nie net die verstand nie, maar ook harte aangeraak sal word.
Deur Christus, onse Here.